

# Kry jou belastingsake gereed vir 'n moeitelose belastingervaring!

## Gaan jou belastingcertifikate na

Maak seker dat jy jou IRP5/IT3(a)'e en ander belastingcertifikate, soos jou mediese sertifikaat, uittree-annuïteitfondssertifikaat, en enige ander derde party data, ontvang het, wat van toepassing is in die bepaling van jou belastingverpligtinge. Indien jy nog nie jou belastingcertifikate ontvang het nie, nader onmiddelik jou werkgewer, mediese fondsskema, uittree-annuïteitfonds, en/of ander derde party data verskaffers om seker te maak dat hulle hul indieningsverpligtinge nagekom het.

## Het jy jou wagwoord vergeet?

[Herwin jou eFiling-gebruikersnaam en herset jou wagwoord nou](#), indien jy dit vergeet het. Jy kan dit ook herwin deur die SARS MobiApp op jou mobiele toestel.

## Het jy 'n nuwe adres of kontaknommer?

Opdateer jou persoonlike inligting soos bankbesonderhede, adres en kontakbesonderhede aanlyn op eFiling of op die SARS MobiApp deur te klik op die "SARS registered details"-skakel.

## Auto-aanslag - ons doen die indiening namens jou

In Augustus, sal ons 'n aansienlike aantal belastingpligtiges outomaties aanslaan. Indien jy die uitslag aanvaar, hoef jy nie 'n opgawe te voltooi nie, omdat ons dit reeds vir jou gedoen het.

Indien jy 'n outo-aanslag ontvang, sal jy in Augustus per SMS in kennis gestel word daarvan - dit sal dus nie vir jou nodig wees om ons te skakel of 'n tak te besoek nie. Die SMS sal jou na eFiling herlei of die na die SARS MobiApp of die opgawe òf te "Accept" òf te "Edit".

Sommige belastingpligtiges kan kommunikasie ontvang voor 1 Augustus 2020, om aan te dui dat hulle nie 'n outo-aanslag sal ontvang nie, of om hulle aandag te vestig op hulle 2019-opgawe bevindings. Dit sal hulle help om die uitstaande opgawes in te dien. Slaan asseblief ag op die kommunikasie en dien enige uitstaande opgawes so gou as moontlik in om vertraging in die indiening van jou 2020-opgawe te voorkom, en om 'n moeitelose ervaring hierdie jaar te verseker.

Indien jy nie vir eFiling geregistreer is nie, of as jy die SARS MobiApp wil aflaai, kyk na ons nuttige handleidingvideos op die SARS YouTube-kanaal. [Klik hier](#) om die 'How to register for eFiling' video te kyk, of [hier](#) om die 'How to register on the SARS MobiApp' video te kyk.

'n Video oor outo-aanslag is tans in produksie en sal binnekort op die SARS YouTube-kanaal beskikbaar wees. Hou ons webtuiste dop vir die vrystellingsdatum.

Ons reik 'n outo-aanslag uit gebaseer op die data wat ons ontvang van werkgewers, finansiële instansies, mediese skemas, uittree-annuïteitfondsadministrateurs en ander derde party data verskaffers.

Indien jy die uitslae van jou outo-aanslag aanvaar, en indien daar 'n terugbetaling aan jou verskuldig is, sal SARS dit aan jou uitbetaal.

Indien jy SARS geld skuld, kan jy betaling maak op eFiling, deur EFO of die SARS MobiApp teen die datum gespesifiseer in jou kennisgewing van aanslag.

## Indien ek nie 'n outo-aanslag ontvang nie, wanneer moet ek indien?

- 1 September - 16 November: Belastingpligtiges wat aanlyn deur eFiling of die SARS MobiApp indien
- 1 September - 22 Oktober: Belastingpligtiges wat nie elektronies kan indien nie, kan by bepaalde [SARS-takke indien, slegs op afspraak](#).
- 1 September - 29 Januarie 2021: Voorlopige belastingpligtiges wat deur eFiling indien

## Digitale kanale

eFiling en die SARS MobiApp stel jou in staat om met ons in verbinding te wees sonder om tou te staan by 'n SARS-tak, of skakel die SARS-kontaksentrum. Om al die voordele en dienste wat eFiling en die SARS MobiApp bied te besigtig, [klik hier](#).

## Wat is Help-You-eFile?

Deur Help-You-eFile op SARS eFiling, kan 'n SARS-agent jou help om jou opgawe te voltooi, indien jy sukkel. Dit word telefonies gedoen terwyl jy op eFiling ingeteken is. Die agent sal saam met jou kan blaai en jou deurgans deur die opgawe-indieningsproses kan lei. [Klik hier](#) vir meer inligting.

## Moenie aanhou nie - ons sal jou terugskakel

As jy nie tyd het om aan te hou nie, klik op die Help-You-eFile-ikoon en kies "Call Me", of versoek hierdie diens op die SARS MobiApp. Een van ons agente sal jou terugskakel (slegs beskikbaar gedurende werksure). Die SARS-kontaksentrum (0800 00 7277) is oop werksdae vanaf 08:00 tot 16:00, en gesluit op openbare vakansiedae en naweke.

## Afsprake by SARS-takke

Ons het 'n doelgerigte poging aangewend om meeste van ons prosesse te outomatiseer. Dit beteken dat jy nie meer 'n SARS-tak hoef te besoek om jou opgawe in te dien nie. Indien jou omstandighede uniek is en nie deur aanlyn prosesse aangespreek kan word nie, kan jy bepaalde SARS-takke besoek, maar slegs deur eers aanlyn 'n afspraak te maak. Alle besonderhede is beskikbaar op ons webtuiste. Jy kan ook verwys na die [Book an appointment at a SARS branch](#)-gids vir meer inligting.

## Pasop vir slenters

SARS sal nooit jou bank- of persoonlike besonderhede versoek in enige korrespondensie wat jy per pos, e-pos of SMS ontvang nie. SARS sal nie vir jou hiperskakels na ander webtuistes toe stuur nie - selfs nie die van banke nie. [Besigtig voorbeelde van die nuutste slenters](#). Dankie dat jy jou belastingsake in orde kry. Bly veilig.

**#DigitalFirst#YourTaxMatters**